

Plaaslike en internasionale klimaatsvooruitsigte vir die volgende maande


Johan van den Berg

Julie 2026

1. Inleiding

Die ontwikkelende El Nino-verskynsel oorheers wêreldwyd die klimaatsnuus maar baie bespiegeling en onsekerhede oor die werklike impak wat dit op landbouproduksie kan uitoefen.

Daar is 'n baie groot waarskynlikheid dat 'n sogenaamde "Super" El Nino kan ontwikkel in komende maande. 'n Super El Nino is wanneer see-oppervlaktemperatuur in die Sentrale Stille Oseaan meer as 2°C warmer is as die langtermyn gemiddelde temperatuur (Figuur 1). Dit is veral gedurende maande vanaf September/Okttober/November (SON) tot Desember/Januarie/Februarie (DJF) waar die waarskynlikhede die grootste is (meer as 70%) om see-oppervlaktemperatuurafwykings van meer as 2°C te kan kry (Figuur 1, donker bruin).



Figuur 1 Die waarskynlikheid van verskillende intensiteite van El Nino vir die volgende maande

Wêreldproduksie van rosyne vind hoofsaaklik plaas in die Noordelike Halfrond en veral in die Midde Ooste en aangrensende state van suidoos Europa (Figuur 2). Ander groot produksiegebiede kom voor in China, Indië en die westelike dele van die VSA asook natuurlik Suid-Afrika. Die oestyd van druive in Indië en Suid-Afrika is vanaf Februarie tot April terwyl die Noordelike Halfrond se oestyd vanaf Augustus tot begin Oktober is.



Figuur 2 Die belangrikste produksiegebiede van rosyne in die wêreld


2. Vooruitsigte vir die Noordelike Halfrond

2.1 Turkye, Iran, Afghanistan en Uzbekistan


Temperature was tot die aanloop van die oesseisoen in veral Mei 2026, ondergemiddeld vir Turkye en Iran (Figuur 3) wat ontwikkeling effens kon vertraag het maar dit het gedurende Junie 2026 omgeswaai en warmer as normaal geword, veral in die laaste deel van Junie en eerste deel van Julie in Turkye (Figuur 4).

In Uzbekistan en Iran het grotendeels die omgekeerde gebeur.

Hittegolftoestande was meer oor Wes-Europa gesentreer in Junie en eerste deel van Julie 2026 alhoewel hoër temperature ook uitgekring het na veral Turkye.



Figuur 3 Temperatuur-afwykings vanaf gemiddeld vir Mei 2026 (blou = koeler as normaal en rooi warmer as normaal)




Figuur 4 Temperatuur-afwykings vanaf gemiddeld vir die week 28 Junie tot 4 Julie (blou = koeler as normaal en rooi warmer as normaal)

Vir die grootste deel van Turkye se produksiegebiede kan maksimumtemperatuur van tussen 30°C en 35°C verwag word vir die res van Julie wat effens koeler word vanaf die middel van Augustus. Dit lyk nie asof ekstreme hoë temperatuur behoort voor te kom nie.

Wat Iran betref word baie hoë temperatuur van tot 45°C voorspel tot middel Augustus wanneer dit tot onder 40°C kan begin daal.

Wat die langer termyn betref, is die waarskynlikhede gemiddeld tot bogemiddeld dat die noordoostelike dele van Turkye oormaat reën gaan kry in oestyd, waarskynlik September/Okttober(Figuur 5, blou en grys) Dit kan ook geld vir Uzbekistan en Afghanistan asook die noordelike dele van Iran.




Figuur 5 Die waarskynlikheid (%) om ten minste die mediaanreënval te kry vir die Augustus tot Oktober periode


2.2 China

Baie warm toestande het alreeds in Mei 2026 oor dele van China voorgekom. Tans veroorsaak die Tifoon “Bavi” baie groot ontwigting as opvolg van ‘n reeks ander tifone wat reeds die land vanaf Meimaand getref het.

Tans is die tifoon Bavi alreeds aan die verswak maar dit is op pad na Suid-Korea maar gaan die oostelike en noordoostelike dele van China nog beïnvloed met swaar reën. Dit gaan die druiwegebied wat in die noordoostelike dele van China is negatief beïnvloed (Figuur 6, wit sirkel) en soos oorblyfsels oor die land inbeweeg (Figuur 7).



Figuur 6 Tifoon Bavi soos op 13 Julie 2026 met China se druiweproduksiegebiede aangedui as ‘n wit sirkel




Figuur 7 Die voorspelde moontlike bewegingsrigting van die oorblyfsels van tifofoon Bavi vanaf 13 Julie


Voorspellings toon dat daar moontlik verdere reën kan voorkom maar meer oor die suidelike produksiegebiede.

2.3 Verenigde State van Amerika

Bogemiddelde temperature heers al vir die afgelope paar maande oor die westelike dele van die VSA (Figuur 8) en dit word verwag om aan te hou tot ten minste einde van September (Figuur 9). Dit kan die oestyd van druiwe verhaas.




Figuur 8 Temperatuurafwykings (°C) vanaf Mei tot Julie 2026



Figuur 9 Verwagte temperatuurafwykings (°C) vir Julie tot September 2026


Wat reënval betref (Figuur 10), kan bogemiddelde reënval (Figuur 10, groen) voorkom oor die suidoostelike dele maar meer gemiddeld (Figuur 10, wit) na die westelike dele. Die gebied rondom Fresno in Kalifornië word die rosyntjiehoofstad van die VSA genoem. Fresno is op die grens tussen gemiddelde en bogemiddelde reënval vir die oestyd vanaf Julie tot September.



Figuur 10 Waarskynlikheid vir reënval vanaf Julie tot September vir die VSA

2.4 Indië

Die grootste produksietyd van rosyne is vanaf Januarie tot Maart en is Indië tans aan die begin van die produksieseisoen. Druive en rosyne word in twee provinsies aan die westelike kant van Indië geproduseer (Figuur 11).




Figuur 11 Produksiegebiede van druive en rosyne in Indië

Baie hoë temperature kom voor maar dit is nie abnormaal hoog vir die druive produserende gebiede van Indië nie soos wat gesien kan word in Figuur 12 vir die week tussen 28 Junie en 4 Julie.

Alhoewel die huidige El Nino tot na die oestyd van druive in Maart 2027 gaan aanhou, is die aanduidings dat dit nie 'n groot impak op reënval tydens oestyd in Indië gaan hê nie.

SOUTH ASIA
Temperature Anomaly (C)
June 28 - July 4, 2026



CLIMATE PREDICTION CENTER, NOAA
Computer generated contours
Based on preliminary data



Figuur 12 Temperatuur afwyking (°C) vir die week vanaf 28 Junie tot 4 Julie

2.5 Suid Afrika

2.5.1 Noordkaap

Daar is hoofsaaklik drie groot risiko's vir druiweproduksie in die Noordkaap vir die volgende maande.

- **Ryp.** Tans lyk die waarskynlikhede vir ryp baie laat in die seisoen nie te groot nie. Dit is as gevolg van die hoë lugvog. Tradisioneel is die tweede jaar van die El Nino (wat volgende jaar, 2027 gaan wees) die gevaarlikste jaar vir laatryp soos die geval in 2019 en 2024.
- **Hittegolftoestande:** Daar is 'n baie groot risiko vir uitermate warm toestande alreeds in Oktober maar veral in November en Desember. Dit kan ook oorspoel na Januarie en selfs begin Februarie.
- **Koue eenhede:** Vanaf 1 Mei tot 12 Julie is daar ongeveer 30% minder koue eenhede versamel as in 2025 vir beide die Noordkaap en die Weskus.

Ondergemiddelde reënval word verwag vir die seisoen vanaf November tot Maart maar daar kan veranderings plaasvind afhangende van hoe vinnig die huidige El Nino 'n piek gaan bereik. Tydens die vorige super El Nino in 2015/16 het daar meer as 100mm reën in Januarie in die Noordkaap voorgekom. Die kanse vir reën is nog bogemiddeld vir Augustus tot Oktober.

2.5.2 Weskus

Die grootste risiko vir die Weskusproduksiegebiede is die volgende:

- Baie hoë temperature vanaf begin Oktober maar ook baie wisselende maksimumtemperature. Tydens die vorige soortgelyke jaar in 2015, het temperature in Oktober gevarieer tussen 21°C en 45°C binne die bestek van 'n paar dae. Januarie 2016 was die warmste maand met die gemiddelde maksimumtemperatuur 35.6°C en met 11 dae bokant 38°C vir 'n plek soos Klawer.
- Baie min reën word verwag vanaf September maar heelwat dae met ligte neerslae en baie bewolkte en vogtige toestande vanaf die laaste week van Julie tot einde Augustus. Siektedruk kan dus baie groot wees aan die begin van die seisoen.
- Indien die El Nino sterk bly tot Maart/April soos wat tans die voorspellings is, kan dit reënval stimuleer vanaf die laaste deel van Februarie 2027 as gevolg van koue fronte. El Nino is geneig om vroeg koue fronte oor die land te laat beweeg.

3. Opsomming

- Met die sterk El Nino wat tans ontwikkel en gaan voortduur tot in die herfs van 2027, kan dit die produksiegebiede van rosyne op verskillende maniere beïnvloed. Een uitstaande kenmerk is dat globale temperature bogemiddeld warm gaan wees.
- Daar is 'n bogemiddelde waarskynlikheid dat oormaat reën kan voorkom in dele van Turkye in die volgende maande wat probleme met oestyd kan skep. Dit kan dalk uitbrei na Uzbekistan en Afghanistan
- In China het 'n reeks tifone (siklone) oor die oostelike dele voorgekom wat moontlik skades aan die druiweoes kon veroorsaak het. Die laaste tifofoon, Bavi, het oor land inbeweeg en grootskaalse skades en ontwigting veroorsaak.
- Die belangrikste produksiegebiede in die VSA naamlik in Kalifornië, toon dat die noordelike dele baie min reën behoort te kry in oestyd maar suid van die belangrikste produksiegebiede rondom die Fresno gebied kan bogemiddelde reënval voorkom. Oestyd gaan vroeër wees as gevolg van aanhoudende bogemiddelde temperature.
- In Indië as deel van die Suidelike Halfrond produksiegebiede, toon dat die impak van El Nino nie te groot behoort te wees in die Januarie tot Maart 2027 oestyd nie.
- Suid-Afrika ervaar tans 'n matige winter wat veroorsaak dat die hoeveelheid koue eenhede meer as 30% minder is as in 2025 vir beide die Noordkaap en die Weskus. Daar is egter steeds 'n ryprisiko vir die Noordkaap aangesien die rypseisoen nog nie verby is nie en plante begin bot. Daar is 'n baie groot risiko vir hitte-golftoestande vanaf Oktober en behoort die oesseisoen vanjaar vroeër te wees. Met die sterk El Nino kan dit moontlik 'n vroeë reenvalseisoen vir die Weskaap beteken as gevolg van koue fronte. Dit kan moontlik 'n risiko inhou vanaf Februarie 2027 vir die Weskus tydens oestyd.